



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Grys beer groot deur Anna Emm

Annelie se mamma het vir haar 'n teddiebeertjie gegee. Die beertjie is grys, maar nie baie groot nie. Annelie wou eintlik 'n GROOT beer gehad het... die heel grootste ene wat daar is. Sy wens, wens, WENS haar grys beer wil groei! Sommer baie groot tot teen die dak!

Daardie aand voor Annelie gaan slaap, sit sy die teddiebeertjie in die hoek van die kamer neer. Sy sit 'n bordjie koekies en 'n glasie melk langs hom neer en fluister in sy oortjie: "Eet die koekies en drink die melkies dat jy kan groot word, hoor jy?"

In die middel van die nag word Annelie wakker van 'n snaakse geluid. Sy sit regop en luister. Dis 'n knars-knars geluid soos iemand wat kou. Sy kyk rond, en raai 'n bietjie? Daar, in die hoek van die kamer, sit die grys beer sowaar aan die koekies en eet! Verbeel sy haar, of is hy 'n bietjie groter as wat hy was? Hy sluk die laaste koekie af, vee die krummels van sy mondjie, en sê: "Nog asseblief?"

Annelie wip van die bed af, en gaan haal vir die beertjie nog 'n paar koekies in die kombuis. Skaars het sy dit op die bordjie gesit, of hy het alles opgeëet! En soos hy eet, word die grys beer groter en groter! En toe die koekies op is wil hy nóg hê!

'n Paar keer draf Annelie kombuis toe om nog koekies te gaan haal, en elke keer wil die grys beer nóg hê! Die koekies is vir hom baie lekker. Uiteindelik is al die koekies op.

"Daar is nie meer koekies nie..." sê Annelie en loer na die beer wat nogsteeds in die hoek van die kamer sit. Hy is nou al so groot dat sy ore teen die dak druk.

"Maar ek is honger..." sug die beer. "Hoe groter ek word, hoe hongerder word ek."

Die beer kyk in die kamer rond, en sien Annelie se pantoffels onder die bed. "Kan ek dit maar eet?" vra hy, en voor Annelie kan sê "nee", sluk die beer altwee haar pantoffels in!

"Sies!" raas Annelie. "Dit was my beste pantoffels daai!"

Maar die grys beer steur hom nie aan haar nie. Hy is honger. Hy eet sommer haar kombesie en haar skooltas ook op! En toe hy die kussing van haar bed afhaal om in sy mond te steek, gryp Annelie dit en begin trek. "Nee!" roep sy. "Los my kussing!"

"Met wie raas jy so?" vra haar mamma se stem skielik hier by haar. Annelie sit regop in die bed en vryf haar ogies. Dis oggend, en sy het net gedroom. Haar mamma sit langs haar op die bed. Sy loer na die klein grys beertjie wat in die hoek van die kamer sit. Langs hom op die grond staan die bordjie koekies en die glasie melk nog. Soos blits wip Annelie van die bed af. Sy tel die bordjie op en eet al die koekies haastig op, vóór die beer dit kan bykom. Mens weet mos nooit...

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Grys beer groot illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za